WITTENBERG SCHULE

BELEID EN PROSEDURE:

PRYSUITDELINGSBELEID

INHOUDSOPGAWE

1. NAAM VAN SKOOL..... 2
2. VOORWOORD 2
3. DEFINISIES 2
4. ORGANISEERDER..... 2
5. KONTROLE VAN KORREKTHEID..... 3
6. SPORTREGISTER..... 3
7. DISPUTE..... 3
8. AFDELINGS WAARIN TOEKENNINGS GEDOEN WORD 3
9. SPORTAKTIWITEITE WAARAAN LEERLINGE KAN DEELNEEM 4
10. KULTUURAKTIWITEITE WAARAAN LEERLINGE KAN DEELNEEM 4
11. GRONDSLAGFASE..... 4
12. INTERMEDIÊRE- EN SENIOR FASE 4
13. SPORT 6
14. KULTUUR 12
15. ALGEMEEN..... 13
16. HERSIENING VAN PRYSUITDELINGEBELEID..... 13

WITTENBERG SCHULE

BELEID EN PROSEDURE:

PRYSUITDELINGSBELEID

---

1. NAAM VAN SKOOL

Laerskool Wittenberg

2. VOORWOORD

Die Prysuitdelingsfunksie het ten doel om aan die beste presteerders op akademiese-, sport- en kultuurgebied erkenning te gee vir hulle prestasies. Die skool besef terdeë dat ouers wat positief betrokke is by hulle kinders, 'n baie groot rol speel in hulle prestasies. Hierdie is dan ook die geleentheid waar die skool die ouers van hierdie presterende leerders kan bedank en gelukwense kan oordra.

Die Prysuitdelingsfunksie is 'n geleentheid waartydens bogemiddelde prestasies erkenning kry. Die skool het die verantwoordelikheid om 'n meetinstrument daar te stel sodat bogemiddelde prestasies d.m.v. geldige en betroubare kriteria gemeet word. Alhoewel geen beleid volmaak is nie, moet daarna gestreef word om 'n aanvaarbare beleid daar te stel, met inagneming met die skool se eie spesifieke behoeftes en kultuur.

3. DEFINISIES

3.1 Prestasie binne skoolverband: Dit is prestasie gelewer in aktiwiteite waarby die skool geaffilieer is en waar leerders binne skoolverband deelneem teen leerders van ander geaffiliërde skole wat ook binne skoolverband deelneem.

3.2 Prestasie binne skoolverband deur leerlinge wat o/14 is: Dit is prestasie gelewer deur o/14 leerders in tennis en swem. In atletiek, rugby, netbal en krieket word die 0/14-leerder glad nie oorweeg nie. Dit is die Hoërskool se plig om die nodige erkenning te gee!

3.3 Prestasie buite skoolverband. Dit is prestasies, waar leerders presteer in omstandighede buite skoolverband waarby die skool nie geaffilieer is nie. Daar is nie amptelike skoolbetrokkenheid ter sprake nie.

3.4 Prestasie buite skoolverband deur leerlinge wat o/14 is: Dit is prestasie gelewer in aktiwiteite waar leerder a.g.v ouderdom by die Hoërskool deelneem.

3.5 Sportsoorte: Dit sluit alle sportsoorte in waarby die skool geaffilieer is en wat by die skool aangebied word, soos omskryf in die sportbeleid en word van tyd tot tyd hersien.

3.6 Sportregister: Dit is 'n register van sportprestasies wat jaarliks deur die sportbestuurder bygehou en voltooi word.

3.7 Dispute: 'n Dispuut is 'n twispunt wat onstaan nadat toekennings gedoen is of nie gedoen is nie en die ouer bevraagteken die optrede van die skool in die verband.

3.8 Geslag: Die terme "leerder, deelnemer of speler" verwys na beide geslagte.

3.9 Rekordpunt (Promosiepunt): Die gemiddelde punt van kwartaal 1, 2, 3 en 4 soos in CAPS-dokument en vakbeleid voorgeskryf.

4. ORGANISEERDER

Dit is die organiseerder/s se verantwoordelikheid om vooraf met elke onderwyser/afrigter kontak te maak en te kontroleer dat toekenings korrek en op grond van akademiese, sport en/of kultuur prestasies binne skoolverband toegeken word.

5. KONTROLE VIR KORREKTHEID

Die organiseerder moet voldoende kontrolemaatreëls in die proses inbou om deeglike kontrole op alle vlakke te verseker. Direk na die inoefening van die seremonie moet die onderwysers deur die program gaan om ’n finale kontrole vir korrektheid te doen.

6. SPORTREGISTER

6.1 Die organiseerder van die Prysuitdelingsfunksie is in beheer van die Sportregister.

6.2 Dit is die verantwoordelikheid van elke onderwyser/afrigter om na die afloop van die byeenkoms, kompetisie of wedstryd of selfs seisoen, besondere prestasies in die register aan te teken.

6.3 Dit is die sportbestuurder se verantwoordelikheid om voor die Prysuitdelingsfunksie met alle afrigters ’n vergadering te belê oor die verskillende sportprestasies wat in die sportregister aangeteken is om te kontroleer dat inligting in die sportregister volledig en korrek is.

7. DISPUTE

7.1 Wittenberg Schule bevestig dat die belang van leerders wat toekennings moet ontvang te alle tye eerste gestel word.

7.2 As gevolg van die omvang van toekennings te Wittenberg Schule is dit noodsaaklik dat dubbelkontrole gedoen word om foute tot die minimum tydens toekennings te beperk.

7.3 Waar enige ouer van die leerder van mening is dat ’n leerder onregverdig behandel is tydens die Prysuitdeling, op welke wyse ookal, en die wyse kan nie deur noodmaatreëls aangespreek word nie, is die proses as volg:

- Die ouer van die leerder moet binne twee skooldae na datum van die Prysuitdelingsfunksie skriftelik kennis gee aan die hoof, van die dispuut.
- Redes moet volledig uiteengesit word met verwysing na moontlike oplossings.
- Die hoof sal alle pogings aanwend om die dispuut aan te spreek.
- Indien die dispuut nie deur die hoof opgelos kan word nie, sal die aangeleentheid na die volle Beheerliggaam verwys word vir oorweging en afhandeling.
- Die besluit deur die Beheerliggaam is finaal en sal skriftelik aan die betrokke ouer oorgedra word.

8. AFDELING WAARIN TOEKENNINGS GEDOEN WORD.

Toekennings sal binne skoolverband gedoen word vir die volgende:

8.1 Akademise prestasies

8.2 Sportprestasies

8.3 Kultuurprestasies

9. SPORTAKTIWITEITE WAARAAN LEERLINGE KAN DEELNEEM

Die volgende sport aktiwiteite word by Wittenberg Schule aangebied:

- Rugby
- Krieket
- Netbal
- Tennis
- Atletiek
- Swem

10. KULTUURAKTIWITEITE WAARAAN LEERLINGE KAN DEELNEEM

Die volgende kultuur aktiwiteite word by Wittenberg Schule aangebied:

- Koor
- Redenaars
- Klavier
- Blokfluit
- Koperblaasinstrumente orkes
- Kitaar
- Operette

11. GRONDSLAGFASE

AKADEMIE:

Alle leerders wat ’n jaargemiddelde volgens onderstaande riglyne behaal het, ontvang ’n sertifikaat.

- 90% - 100% = Platinum sertifikaat
- 80% - 89% = Goue sertifikaat
- 70% - 79% = Silwer sertifikaat
- 60% - 69% = Brons sertifikaat

’n Leerder wat in ten minste 3 kwartale by Wittenberg Schule geassesseer is, word in aanmerking geneem vir akademiese pryse.

12. INTERMEDIÊRE- EN SENIOR FASE

12.1 AKADEMIE

Graad 4 tot 6 het sewe vakke, nl. Afrikaans, Engels, Duits, Wiskunde, SW, LV en NWT.
Graad 7 het 10 vakke, nl. Afrikaans, Engels, Duits, Wiskunde, SW, LO, K&K, EBW, Tegnologie en NW.
Elke vak se punteverwerking word streng volgens die CAPS se voorgeskrewe beleid uitgewerk.

Die Prysuitdelingsfunksie word bewus eers aan die einde van die vierde kwartaal gehou aangesien die leerlinge se prestasies op al vier kwartale gemeet word; insluitend die

eindeksamen. Die SA-SAMS punte van elke vak sit dit ook duidelik uiteen wat die gewigswaarde van die eindjaareksamen moet wees. (Leerders wat vanaf ander skole kom, kan die SA-SAMS puntestate van die vorige skool inhandig.)

Nuwe leerders kan vir sertifikate oorweeg word mits die leerder minstens drie kwartale by ons skool geassesseer is.

12.2 VAKGEMIDDELDES

Alle leerders wat onderskeidelik vir ’n vak volgens die onderstaande riglyne presteer het, sal tydens die Prysuitdeling die geleentheid kry om op die verhoog te wees en sal ’n sertifikaat vir daardie vak of vakke ontvang.

- 90% - 100% = Platinum sertifikaat
- 80% - 89% = Goue sertifikaat
- 70% - 79% = Silwer sertifikaat
- 60% - 69% = Brons sertifikaat

Afwesig tydens eksamens: ’n Aanvaarbare bewys, bv. doktersbrief/afskrif van doodsertifikaat/ begrafnisbrief, moet ingedien word met afwesigheid van eksamen. Indien ’n leerling in aanmerking wil kom vir ’n toekenning tydens die prysuitdelingsfunksie en hy/sy afwesig was tydens die aflê van die eksamen, moet die eksamen geskryf word, sodra hy/sy weer gesond en by die skool is.

12.3 TOP PRESTASIE PER VAK

Die top leerder per vak sal in elke graad aangewys word. Hierdie leerder ontvang ’n sertifikaat.

Afwesig tydens eksamens: ’n Aanvaarbare bewys, bv. doktersbrief/afskrif van doodsertifikaat/ begrafnisbrief, moet ingedien word met afwesigheid van eksamen. Indien ’n leerling in aanmerking wil kom vir die toekenning tydens die prysuitdelingsfunksie en hy/sy afwesig was tydens die aflê van die eksamen, moet die eksamen geskryf word, sodra hy/sy weer gesond en by die skool is.

12.4 JAARGEMIDDELDES

Alle leerders wat ’n jaargemiddelde volgens onderstaande riglyne behaal het, ontvang ’n sertifikaat.

- 90% - 100% = Platinum sertifikaat
- 80% - 89% = Goue sertifikaat
- 70% - 79% = Silwer sertifikaat
- 60% - 69% = Brons sertifikaat

Afwesig tydens eksamens: ’n Aanvaarbare bewys, bv. doktersbrief/afskrif van doodsertifikaat/ begrafnisbrief, moet ingedien word met afwesigheid van eksamen. Indien ’n leerling in aanmerking wil kom vir die toekenning tydens die prysuitdelingsfunksie en hy/sy afwesig was

tydens die aflê van die eksamen, moet die eksamen geskryf word, sodra hy/sy weer gesond en by die skool is.

12.5 TOP PRESTEERDER / DUX-LEERLING

12.5.1 Gr. 1 – 6 Die 3 Top-presteerders (hoogste gemiddelde prestasie bereik in al vier kwartale) ontvang 'n sertifikaat en 'n boekprys terwyl die wenner ook nog 'n wisseltrofeë ontvang.

12.5.2 Die 3 Top-presteerders in graad 7 (hoogste gemiddelde prestasie bereik in al vier kwartale) ontvang 'n sertifikaat en 'n boekprys terwyl die wenner ook nog 'n wisseltrofeë ontvang. Hy/Sy word dan as Dux-leerling van die jaar aangewys.

Afwesig tydens eksamens: 'n Aanvaarbare bewys, bv. doktersbrief/afskrif van doodsertifikaat/ begrafnisbrief, moet ingedien word met afwesigheid van eksamen. Indien 'n leerling in aanmerking wil kom vir die toekenning tydens die prysuitdelingsfunksie en hy/sy afwesig was tydens die aflê van die eksamen, moet die eksamen geskryf word, sodra hy/sy weer gesond en by die skool is.

12.6 SKOOLBYWONING

Leerders met 100% skoolbywoning vir die jaar, ontvang 'n sertifikaat. Slegs vir leerders wat die hele jaar by die skool ingeskryf is.

13. SPORT

13.1 SPORTSOORTE BUITE SKOOLVERBAND

Daar word tydens die saalbyeenkoms, die Maandag voor die formele Prysuitdelingsfunskie aan leerders erkenning gegee vir hulle prestasies in sportsoorte wat nie deur die skool aangebied word nie. Die onus rus op die onderskeie Sportliggame en ouers om die skool een week voor die Maandag van die Prysuitdeling, in kennis te stel van die leerder se prestasie. Sertifikate, medaljes, ens. moet deur die afrigter/organiseerder saam met 'n kort beskrywing van prestasie wat behaal is, na die skool gestuur word.
Leerlinge wat reeds 0/14 is en aan sport- en kultuur aktiwiteite by die Hoërskool deelneem, gaan nie oorweeg word nie, behalwe vir swem en tennis. (sien 3.2) Die Hoërskool kan egter reël dat die toekennings tydens die saalbyeenkoms oorhandig word.

13.2 SPORTSOORTE BINNE SKOOLVERBAND

Daar is verskillende toekennings wat gemaak word afhangende van die prestasie deur die leerder of span. Slegs leerders wat aan 80% en meer van die skool se spesifieke sportaktiwiteit deelgeneem het, sal erkenning ontvang.

Elke sportsoort is uniek t.o.v. die samestelling van ligas, streekspanne, provinsiale spanne en nasionale spanne. Die skool bevind hom nie in 'n posisie om besluite wat deur die sportsoort se Moederliggaam, hetsy op provinsiale of nasionale vlak, geneem is, te verander nie. Ons skool

respekteer elke spesifieke sportsoort se reëls en regulasies en gebruik dit as kriteria en rigtinggewers.
Erkenning word gegee vir deelname op die volgende vlakke:

- Interprovinsiale vlak.
- Provinsiale vlak (verteenwoordiging van provinsiale span by SA-kampioenskappe)
- Nasionale vlak (leerder moet verkies word tot 'n nasionale span)
- Bokkie week (leerder verteenwoordig provinsie op Bokkie week)

Indien 'n leerder vir 'n provinsiale span gekies word en 'n besering opdoen voor deelname, of vir enige ander rede nie fisies deelgeneem het aan die nasionale kampioenskappe nie, sal hy/sy nie in aanmerking vir 'n toekenning kom nie.

13.3 VERSKILLENDE SPORTTOEKENNINGS

13.3.1 Beste rugbyspeler (senior):

Kriteria vir Beste Senior Rugbyspeler van die jaar

A. Lid van eerste rugbyspan

Slegs spelers wat 80% van die wedstryde vir die eerstespan gespeel het, kwalifiseer vir die toekenning.

B. Prestasie gelewer

Die seun wat volgens die puntetabel die beste in rugby presteer het vir die bepaalde seisoen:
*Cravenweek-span:18 punte;
*Mpumalanga A-span:15 punte;
*Mpumalanga B-span: 12 punte;
*Mpumalanga C-span: 9 punte;
*Beste gevaar tydens proewe: 6 punte.
*Gekies vir Bokkiespanne: 3 punte

(Indien geen beste prestasie/of meer as een speler is nie, word die speler volgens volgende kriteria gekies)

I. Verantwoordelikheid:

* Bywoning van oefeninge
  Alle oefeninge bygewoon: 3 punte;
  meer as een oefening nie bygewoon: 2 punte;
  swak bywoning: 1 punt.
* Stiptelikheid: Byeenkomste, oefeninge, wedstryde
  Baie goed: 3 punte;
  gemiddeld: 2 punte;
  swak: 1 punt.

II. Gesindheid

Indien sy gesindheid teenoor sy spel, sy span en sy afrigter deurgaans absoluut lojaal en positief is: 3 punte.

III. Ambassadeurskap
Die seun moet deur die seisoen in sy gedrag en optrede sy skool se naam hoog hou op die veld en van die veld af: 3 punte.

IV. Bydrae gelewer
Die mate van leierskap aan die dag gelê gedurende die seisoen, asook die inset wat gelewer is om rugby in die algemeen by Laerskool Wittenberg te bevorder: 5 punte.

13.3.2 Beste rugbyspeler (junior):

Kriteria vir Beste Junior Rugbyspeler van die jaar

A. Lid van rugbyspan
Slegs spelers wat 80% van die wedstryde vir die span gespeel het, kwalifiseer vir die toekenning.

B. Verantwoordelikheid:
* Bywoning van oefeninge
Alle oefeninge bygewoon: 3 punte;
meer as een oefening nie bygewoon: 2 punte;
swak bywoning: 1 punt.
* Stiptelikheid: Byeenkomste, oefeninge, wedstryde
Baie goed: 3 punte;
gemiddeld: 2 punte;
swak: 1 punt.

C. Gesindheid
Indien sy gesindheid teenoor sy spel, sy span en sy afrigter deurgaans absoluut lojaal en positief is: 3 punte.

D. Ambassadeurskap
Die seun moet deur die seisoen in sy gedrag en optrede sy skool se naam hoog hou op die veld en van die veld af: 3 punte.

E. Bydrae gelewer
Die mate van leierskap aan die dag gelê gedurende die seisoen, asook die inset wat gelewer is om rugby in die algemeen by Laerskool Wittenberg te bevorder: 5 punte.

13.3.3 Beste krieketspeler (Senior):

* Speler uit die 1e span (o/13 speler!)
* Prestasie gelewer / Hoogste prestasie bereik
Die seun wat volgens die puntetabel die beste in krieket presteer het vir die bepaalde seisoen:
Mpumalanga A-span:15 punte;
Mpumalanga B-span: 12 punte;

Mpumalanga C-span: 9 punte;
beste gevaar tydens proewe: 6 punte.
gekies vir Bokkiespan: 3 punte

(Indien geen beste prestasie/of meer as een speler is nie, word die speler volgens volgende kriteria gekies)

* Volgens statistieke (dagliga) SAAM die beste gemiddelde kolf- asook boulprestasies het. Hierdie speler is nie noodwendig die o/13 beste kolwer of bouler van die jaar nie

13.3.4 Beste krieketspeler (Junior):
Beste gemiddelde boul en kolfprestasie

13.3.5 Beste netbalspeler:
Kriteria vir die beste Netbalspeelster van die jaar
Die netbalspeelster moet aan die volgende vereistes voldoen om as netbal-speelster van die jaar verkies te word

* Daar word eerstens gekyk na ’n graad 7 - dogter in die 1ste netbalspan
* Deelname aan die eerste rondte Mpumalanga/Bokkie proewe het geen invloed op die keuse van ons netbalspeelster van die jaar nie (d.w.s. as die kinders net aan die proewe deelgeneem het en geen plek na die volgende rondte bereik het nie)
* Indien daar nie ’n dogter is in die 1ste netbalspan wat aan die vereistes voldoen nie, sal daar na die 0/12A - span gekyk word
* Die afrigter/s of organiseerder besluit oor die keuse van die speelster.

Kriteria

A. Lid van eerste netbalspan
Slegs spelers wat 80% van die wedstryde vir die eerstespan gespeel het, kwalifiseer vir die toekenning.

B. Prestasie gelewer
Die dogter wat volgens die puntetabel die beste in rugby presteer het vir die bepaalde seisoen:
*Mpumalanga A-span:15 punte;
*Mpumalanga B-span: 12 punte;
*Mpumalanga C-span: 9 punte;
*Beste gevaar tydens Mpumalanga-proewe (d.w.s. deurgedring na Rondte 2/3): 6 punte.
*Gekies vir Bokkiespan: 3 punte

(Indien geen beste prestasie/of meer as een speler is nie, word die speler volgens volgende kriteria gekies)

I. Verantwoordelikheid:
   * Bywoning van oefeninge
     Alle oefeninge bygewoon: 3 punte;
     meer as een oefening nie bygewoon: 2 punte;
     swak bywoning: 1 punt.
   * Stiptelikheid: Byeenkomste, oefeninge, wedstryde
     Baie goed: 3 punte;
     gemiddeld: 2 punte;
     swak: 1 punt.

II. Gesindheid
   Indien haar gesindheid teenoor s haar spel, haar span en haar afrigter deurgaans absoluut lojaal en positief is: 3 punte.

III. Ambassadeurskap
   Die dogter moet deur die seisoen in haar gedrag en optrede haar skool se naam hoog hou op die veld en van die veld af: 3 punte.

IV. Bydrae gelewer
   Die mate van leierskap aan die dag gelê gedurende die seisoen, asook die inset wat gelewer is om netbal in die algemeen by Laerskool Wittenberg te bevorder: 5 punte.

13.3.6 Beste tennisspeler – seun:
* Die seun wat Mpumalanga kleure / Hoëveld kleure vir tennis verwerf het ontvang die trofee indien die toernooi bygewoon is
* Indien daar meer as een speler is wat Mpumalanga kleure / Hoëveld kleure verwerf het gaan die trofee aan die speler wat die hoogste op die skool se ranglys is
* Indien daar geen speler is wat Mpumalanga kleure/ Hoëveld kleure verwerf het nie, gaan die trofee aan die No 1 speler van die skool.

13.3.7 Beste tennisspeler – dogter:
* Die dogter wat Mpumalanga kleure / Hoëveld kleure vir tennis verwerf het ontvang die trofee indien die toernooi bygewoon is
* Indien daar meer as een speler is wat Mpumalanga kleure/ Hoëveld kleure verwerf het gaan die trofee aan die speler wat die hoogste op die skool se ranglys is
* Indien daar geen speler is wat Mpumalanga kleure / Hoëveld kleure verwerf het nie, gaan die trofee aan die No 1 speler van die skool.

13.3.8 Beste swemmer – seun:
Die seun wat die hoogste prestasie by die Duitse Swembyeenkoms in Vryheid behaal het. Hierdie prestasie word bepaal volgens die Olimpiese reëls, d.w.s. die aantal medaljes behaal. Goud dra meer waarde as silwer en brons dra die minste waarde.

13.3.9 Beste swemmer – dogter:

Die dogter wat die hoogste prestasie by die Duitse Swembyeenkoms in Vryheid behaal het. Hierdie prestasie word bepaal volgens die Olimpiese reëls, d.w.s. die aantal medaljes behaal. Goud dra meer waarde as silwer en brons dra die minste waarde.

13.3.10 Beste atleet tydens 3 formele skoolbyeenkomste – dogter:

Atleet wat die hoogste punte tydens die 3 byeenkomste (Interhuis / Interlaer / Duitse Sport) gesamentlik behaal het (hoogste totale ASA punt)

13.3.11 Beste atleet tydens 3 formele skoolbyeenkomste – seun:

Atleet wat die hoogste punte tydens die 3 byeenkomste (Interhuis / Interlaer / Duitse Sport) gesamentlik behaal het (hoogste totale ASA punt)

13.3.12 Sportdogter van die jaar:

* Word volgens uiteensetting in die Bylaag bepaal – al die sportsoorte word in ag geneem.
* Word bepaal streng volgens die punte opgebou deur die jaar van deelname en prestasies op sportgebied.
* Die Leerder met die meeste punte kry die toekenning.
* Indien die toekenning gedeel word, d.w.s. dieselfde aantal punte bereik het, en die een leerder is in Gr. 7, ontvang hy die toekenning; andersins word die toekenning gedeel.

13.3.13 Sportseun van die jaar:

* Word volgens uiteensetting in die Bylaag bepaal – al die sportsoorte word in ag geneem.
* Word bepaal streng volgens die punte opgebou deur die jaar van deelname en prestasies op sportgebied.
* Die Leerder met die meeste punte kry die toekenning.
* Indien die toekenning gedeel word, d.w.s. dieselfde aantal punte bereik het, en die een leerder is in Gr. 7, ontvang hy die toekenning; andersins word die toekenning gedeel.

13.3.14 Uitstaande sportprestasie

* Hierdie toekenning word nie noodwendig elke jaar uitgedeel nie.
* Leerder moet Nasionaal of Internasionaal deelneem (Indien ’n leerder nie fisies aan die aktiwiteit deelgeneem het nie word die erkenning nie gegee nie. Net verkiesing vir die span beteken nie dat die prestasie behaal is nie.)
* Indien deelname na die Meriete-aand plaasvind sal die erkenning in die volgende jaar aan die leerder gegee word indien hy/sy in Gr 7 is. Indien die leerder nie in Gr. 7 is nie sal die prestasie by die volgende jaar se meriete geleentheid bygereken word. (Sportkoördineerders moet hier verantwoordelikheid neem)
* Indien daar 2 of meer leerders is op dieselfde vlak presteer het, sal die beker gedeel word.

14. KULTUUR

14.1 KULTUURAKTIWITEITE BUITE- EN BINNE SKOOLVERBAND

Dieselfde kriteria wat vir sport gebruik is, sal sover as moontlik ook van toepassing gemaak word op kultuuraktiwiteite, buite en binne skoolverband. Dieselfde erkenningsvlakke geld, maar inaggenome dat elke kultuuraktiwiteit ook uniek is. Vir verdere erkenning op kultuurgebied buite skoolverband, word verwys na sportsoorte buite skoolverband. Slegs leerders wat aan 80% en meer van die skool se spesifieke kuluuraktiwiteite deelgeneem het, sal erkenning ontvang.

14.2 VERSKILLENDE KULTUURTOEKENNINGS

14.2.1 **Beste Toneelspeler (junior en senior):**
Die beste toneelspeler word deur 'n eksterne paneel, bestaande uit 2 of 3 mense wat geen betrokke leerlinge in die skool het nie, asook op interne vlak geevalueer.
Eksterne evaluering – punte ter beoordeeling: toneelspel; duidelike uitspraak
Interne evaluering (hoofsaaklik gedurende oefening):
samewerking (2 punte)
gedrag (2 punte)
bywoning (2 punte)
inisiatief neem (2 punte)
natuurlike talent (2 punte)

14.2.2 **Redenaars** – dié leerling wat die verste gevorder het met kompetisies (ATKV)
Gr. 1 – 3; Gr. 4 + 5; Gr. 6 + 7

NB: Punte in hakies word ekstra bygetel	**Deelname**	**90-100% 1ste Plek A++**	**80-90% 2de Plek A+**	**70-80% 3de Plek A**	**60-70% 4de plek B+**	**50-60% 5de Plek B**	**40-50% 6de Plek C+**
Interne Redenaars	2	6	5	4	3	2	1
ATKV	4 Volgende rondte (4)	7	6	5	4	3	2
Eisteddfod	4	7	6	5	4	3	2

14.2.3 **MUSIEK: UNISA/Royal School/Trinity** – teorie en/of praktiese eksamens geslaag.
Puntetoekennings:
Voor-graad 1, Graad 1, Graad 2
Slaag (50% - 70%) – 2 punte
Eervol (71% - 80%) – 4 punte
Lof (81% - 94%) – 5 punte
Ererol (95% - 100%) – 7 punte

Graad 3 en hoër:
Slaag (50% - 70%) – 3 punte

Eervol (71% - 80%) – 5 punte
Lof (81% - 94%) – 6 punte
Ererol (95% - 100%) – 7 punte

14.3 LEIERSKAP

Daar word ook erkenning gegee aan leerders wat in die volgende leiersposisie was:

- Leerderraad
- Mediasentrum
- Rekenaarsentrum

15. ALGEMEEN

15.1 Ouers is verantwoordelik om gravering van toekennings op trofeë te laat doen.

15.2 Wisseltrofeë moet aan die begin van die vierde kwartaal by die Organiseerder ingehandig word.

16. HERSIENING VAN PRYSUITDELINGSBELEID

Hierdie beleid mag van tyd tot tyd deur die SBL gewysig, aangevul, verander of aangepas word.